

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Graad 12

Taalvaardigheid

15 punte

Kyk na die prentjie wat die onderstaande idioom illustreer. Beantwoord daarna al die vrae.



Liewer dood as uit die mode

Betekenis:

Jy sal enigiets doen om in die mode te bly.

(Illustrasie: Kobus Galloway, 'n *Wolf in skaapsklere*.)

Vraag 1. Sinstrukture

Skryf telkens die sin oor en begin soos aangedui:

- 1.1 Ons wil almal graag so goed as moontlik lyk.
By môreaand se partytjie ... (1)
- 1.2 Wil jy nog in verlede jaar se modes gesien word?
Nee, ... (1)
- 1.3 Tieners vra: "Moet ons modes slaafs navolg?"
Tieners vra of ... (1)
- 1.4 Tieners lees dikwels tydskrifte om oor nuwe modegiere te leer.
Tydskrifte ... (1)
- 1.5 Ek besluit vinnig of ek 'n modegier sal volg.
In die verlede ... (1)
- 1.6 Ek dra die klere. Die klere laat my fantasties voel.
Ek dra die klere wat ... (1)
- 1.7 Tieners spandeer geld op klere om goed te lyk.
Tieners spandeer geld op klere sodat ... (1)
- 1.8 Ek dra soms mode-items, al is dit ongemaklik.
Al ... (1)
- 1.9 Tieners moet duur handelsname dra.
Tieners hoef nie ... (1)

[9]

Vraag 2. Woordstrukture

Lees die onderstaande stuk deur en voer telkens die opdrag tussen hakies uit:

Om jou eie styl te hê en die **2.1 (reg - gee die korrekte vorm van die woord)** klere te kies, is belangrik vir die **2.2 (baie - gee die oortreffende trap)** tieners. Adolessensie is 'n tyd vir **2.3 (eksperiment - gee die meervoud)**. Gedurende hierdie tydperk moet jy besluit hoe jy wil hê dat die wêreld jou moet sien. Gaan jy elke **2.4 (neiging - gee die verkleinwoord)** in die modewêreld slaafs navolg of gaan jy probeer om nie soos **2.5 (anders / ander - kies die regte woord)** te lyk nie? Gaan jy die **2.6 (laaste - gee die antoniem)** wees om in die nuutste mode-item gesien te word, of gee jy glad nie om wat

jy dra nie? Hoe kan 'n mens inpas by die groep en nog steeds **2.7 (jy / jou / sy / hom - kies die korrekte voornaamwoord)** individualiteit behou? Is die nuutste modegier iets waarin jy **2.8 (lelik - gee die intensiewe vorm)** lyk, maar dra jy dit nietemin? Liewers dood as uit die mode?

[8 x ½ = 4]

Vraag 3. Kommunikasie

Jou vriendin lyk pragtig in haar nuwe rok, maar haar skoene is lelik en uit die mode.

Komplimenteer haar met hoe mooi sy in die rok lyk en **gee beleefd raad** oor watter skoene sy eerder moet dra.

Skryf neer wat jy vir haar sê in **15 tot 20 woorde**. **[2]**

TOTAAL: 15 punte
